HOËRSKOOL
FICHARDTPARK

Nuusbrief **21**/2018 28 Mei 2018

1. **Inleiding**
   Graag rig ek die ope-brief aan die ouergemeenskap. By Hoërskool Fichardtpark het ons 'n ernstige probleem met uitteken van leerders tydens skooltye. Een van my verantwoordelikhede as skoolhoof is om akademiese standaarde te handhaaf en te verhoog. Met leerlinge wat uitteken en nie in die klas is nie, sal hierdie doelwit onmoontlik wees. Ons vra ouers om die skool te ondersteun in die volgende:

   - Alle doktersafsprake moet na-skool in die middae gemaak word.
   - Personeel sal oordeel of 'n kind so siek is dat hy/sy nie verder skool kan gaan op die betrokke dag nie.
   - Leerders kan nie ouers direk laat weet om hulle te kom uitteken nie. Die skool sal u skakel.
   - Leerders wat nie 'n eksamen vraestel skryf nie MOET 'n doktersbrief inhandig.

2. **Donderdag 31 Mei**
   Ons nooi alle ouers betrokke by die boubedryf om op Donderdag 31 Mei om 10:00 Mnr Henning Snyman van die Geboue en terrein komitee beheerliggaam te ontmoet in verband met terreinverbeterings. Die idee is dat ons hierdie ouers eerste geleentheid wil gee om te kwoteer.

3. **Moments**
   Baie sterkte aan ons skoolkoor wat optree in die Sand du Plessis teater tydens die Moments konsert. Dit vind plaas Vrydag 1 Junie en Saterdag 2 Junie.

4. **Gholfdag**
   Ouers wat nog wil deelneem aan ons geborgde Gholfdag moet asseblief kennis neem dat die dag deur die Gholfbaan geskuif is na Vrydag 7 September. Hierdie is omstandighede buite ons beheer.

5. **Berlesell Manne Aand**
   Op Donderdag 16 Augustus hou Hoërskool Fichardtpark 'n manne aand met die immergewilde André Venter as gasspreker.
   Kostes: R3000 per tafel van 10 persone. Ondersteun ons asseblief in hierdie poging. Skakel mnr Pieter van Staden vir meer inligting.

SKOOLHOOF: Mnr Herman vd Merwe
Hudsonrylaan 24 | Fichardtpark | Bloemfontein | 9301 | Posbus 31132 | Bloemfontein | 9317
Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | fichpos@fpark.co.za | www.fpark.co.za

6. Rugby-raai

Die rugby-raai eindig Vrydag 1 Junie. Slegs leerlinge met 5 raaiskote op hulle lys kan 'n skoolsweetpak dra vanaf 4 Junie tot 22 Junie.

7. Uitslae

7.1 Netbal

Baie geluk aan die volgende spanne wat kwalifiseer vir die Vrystaat finale:
o/15B wen 22-19
o/16A wen 18-17
o/17A wen 17-14
o/19B wen 20-18

Die o/16A en 17A kwalifiseer om aan die Vrystaat dag in Junie deel te neem. Baie sterkte.

7.2 Hokkie uitslae

o/14A gelykop 1-1 vs Jim Fouché
o/18B wen 1-0 vs Eunice

7.3 Skaak vs Grey A

Ruhandré Coetzee wen 1-0
André Geldenhuys wen 1-0
Jeanré Coetzee en Hanco Swanepoel speel gelykop.

7.4 "Motorcross Endure Off-road" Motorfietswedrenne

Baie geluk aan die volgende ryers wat goed presteer het tydens die MSA-Nationale wedrenne.

5 Mei: Gevorderde Hoërskool klas
Rikus Karsten 2de
Anrico Friederichs 3de

19 Mei: MSA Nasionale Kompetisie
Anrico Friederichs 2de

7.5 Hokkie

Baie geluk aan die volgende hokkiespelers wat gekies is vir die Suid-Vrystaatspanne.

O/18B Seuns
Juan Barnard
Anrico Fredriechs

O/16B Seuns
JP Wiese

O/16C Seuns
Martin Coetzee

O/18C Dogters
Annelé Scott
Juanette Niemand

O/14B Dogters
Carla van Zyl

8. **Sterkte met die volgende aktiwiteite van die week**
   8.1 Rugbyproewe o/15 tot o/19
   8.2 "Cheerleaders" kompetisie Saterdag 2 Junie te Fichardtpark
   8.3 Fietsry in Bothaville: Spurreeks

9. **Klerebank tye tydens die Eksamen 28 Mei – 22 Junie**
   Maandae tot Donderdae 07:30 – 08:00
   13:00 – 13:30

10. **Youth Global Leadership Summit**
    Op Vrydag 25 Mei 2018 het 38 leiers van Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein se eerste Youth Global Leadership Summit bygewoon.
    Global Leadership Summit (GLS) is 'n internasionale konferensie wat jaarliks in Chicago in Amerika plaasvind en van daar af word die GLS ge'video cast' na 1400 venues wêreldwyd. Hierdie jaar kon die kinders luister na wêreldklas sprekers soos Major Danielle Strickland, Craig Grouschel en Fredrik Haren.

    Ons kinders het die geleentheid gehad om saam met ongeveer 105 ander leiers uit ander skole bymekaar te kom, om hulle leierskap te ontwikkel en met hul talente te woeker.

Fichie-groete

H van der Merwe
Skoolhoof